

## Woordbediening

Jeremia 3:19-4:4

*“As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou tot My bekeer, sê die Here. As jy jou afskuwelike afgode voor My wegvat, moet jy nie meer dwaal nie.” (4:1)*

### **Wat is ware bekering?**

Die woorde van hierdie teks beskryf die kern, die essensie, van ware bekering: Dis om terug te draai na die ware God toe; en om sonder versuim jou afgode te vernietig. As God se kinders hulle opreg tot Hom bekeer sal die ongelowiges (“die nasies” – vers 2) daardeur eerbied vir God kry (v 2). Die mense van Juda en Jerusalem het hulle egter nie laat oorreed deur hierdie woorde nie. Hulle bekerings was oppervlakkig en hulle het aangehou om afgode te dien.

Hierdie ware bekering tot God word nou met twee treffende beelde beskryf:

**Eerste beeld:** *“Ploeg vir julle ’n braakland en moenie in die dorings saai nie.”(4:3)*

“’n Braakland” is veld wat vir die eerste keer geploeg en bewerk word om ’n saailand daarvan te maak. Die grond moet diep losgebreek en weer geploeg en gelyk gemaak word en die onkruid moet verwyder word, voordat jy kan plant of saai. Dis ’n nuwe begin met God en sy Woord. Vir mense wat afgestomp geraak het en wie se harte verhard is, is hierdie die beste raad. Begin nuut met God, met nuwe oorgawe, nuwe ywer en nuwe verwagting. Die “dorings” verwys na sondes, sondige leefwyse, sorges en verlyding van die wêreld wat die goeie saad van God se Woord kan verstik (vgl. Mat 13:7,22).

Jesus Christus het gekom om hierdie braakland vir ons te skep. Wie in Hom glo word deur Hom gereinig van sonde en kan en moet skoon en nuut begin. Een van die groot misleidings van ons tyd sê: *“Die Here het jou lief net soos jy is.”* Dit skep by mense die indruk dat hulle maar kan aanhou met sonde doen, want God vergewe dit in elk geval.

**Tweede beeld:** *“Besny julle vir die HERE en verwyder die onbesnedenheid van julle hart...dat my grimmigheid nie soos ’n vuur uitgaan en brand sonder dat iemand kan blus nie, weens die boosheid van julle handeling.*”(4:4)(’53-vert)

Moses het die volk al geleer: *“Besny dan die voorhuid van julle hart en verhard julle nek nie verder nie.”*(Deut. 10:12) Jeremia bou nou daarop voort. Israel en Juda se vertrouwe op die uiterlike teken van besnydenis beteken niks as dit nie strook met wat in hulle harte aangaan nie.

Ons móét onself ondersoek oor die opregtheid van ons harte. Is ek besig met skyn heiligmaking of ware heiligmaking in Christus. Lééf ons so dat die wêreld die heiligmaking van die Heilige Gees in ons lewens kan sien en God die eer daarvoor gee?

Amen